

16 Desember

Skrifgedeelte: Spreuke 25:1-7
Fokusgedeelte: NGB, Art 36

Die taak van die owerheid – daarstelling van 'n ordelike samelewing

Die leiers van 'n land het 'n baie moeilike taak. Om alles “onder mense ordelik te laat verloop” (NGB) verg buitengewone wysheid! Ons Skrifgedeelte gee in vier spreuke insig in die wysheid wat leiers nodig het om goed te regeer:

Leiers en God (vers 2). 'n Leier moet God eer, juis ook in sy misterie, die verborgenheid van sy wil. Vir 'n ordelike samelewing moet leiers vra wat God se wil vir 'n bepaalde saak is. Ook as God se wil verborge is moet leiers dit bly soek, en dan “aan die lig bring” (uitvoer).

Leiers en hulle eie gedagtes (vers 3). Leiers se eie benadering en ideale kan 'n groot invloed hê op die openbare orde. Wat leef in 'n leier se gedagtes? Maar al kan ons nie altyd leiers peil nie, God kan! Voor gedagtes nog opkom ken God hulle al (Ps 139:2). Vertrou daarom dat God, wat leiers daarstel, die regte leier vir die regte tyd sal gee.

Leiers en raadgevers (vers 4-5). Leiers kan ook struikel en verkeerd beïnvloed word (byvoorbeeld Farao, Rehabeam en Darius). Al lyk 'n leier ook hoe ontoeganklik, bly dit vir 'n ordelike samelewing baie belangrik dat jy as gelowige steeds jou positiewe getuienis en raad moet aanbied.

Leiers en onderdane (vers 6-7). Leiers het 'n hekel aan beterweterigheid en afbrekende kritiek. Verkeerde gesindhede kan jou goeie bydrae ten opsigte van 'n ordelike samelewing verydel. Werk daarom met nederigheid. Gee eer aan wie eer toekom (Rom 13:7), nie net ter wille van invloed of omdat leiers so 'n moeilike taak het nie, maar veral omdat God deur hulle regeer!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)